# KOMMUNIKAMMA 17 SEPTEMBER 2023

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**<u>WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE</u>**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**
**<u>Sondag 17 September</u>**
**Leprosiedag en Toerustingsondag**
**<u>Week 7 van die 7 Weke Reeks (GAAN GROOT!)</u>**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
*Ons wens vir Johan en Nicky Naudé geluk met die doop van Luca.*
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**11:30 GEMEENTEBRAAI**

As feestelike afsluiting van ons 7 weke reeks is daar vandag vanaf 11:30 'n gemeente bring-en-braai agter die kerkgeboue. Tafels, braaidromme, roosters en warm kole word voorsien. Bring asb jou eie eet- en drinkgoed, eetgerei en kampstoel. Almal is welkom.

**18:00 LEEF@KERK**

**Skriflesing:** Joh. 14:27; Luk 10:38-42; Ps. 85
**Tema:** Groot vrede

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb. kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Gospel for Asia**

**<u>Maandag 18 September</u>**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**<u>Woensdag 20 September</u>**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Ons het opgemerk dat die behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap al hoe groter raak, veral met die winterweer wat nie wyk nie.

**Vrydag 22 September**
**05:00 MANNEGROEP by Murrelsingel 44 in Framesby.**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 24 September**
**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS agv die langnaweek**

**GEBEDSAKE:**
Bid vir matrieks wat tans besig is met hul rekordeksamens - vir goeie gesondheid en volharding in hul voorbereiding.
Dra ook ander leerders en studente, wat besig is met toetsreekse en eksamens, aan die Here op.
Bly bid vir gemeentelede wat baie gesondheidsuitdagings beleef - veral vir Elaine Greyling, Peter & Joan Crouse en Christo & Doré Grobler en Ronelle Wright.
Vra vir die Here se duidelike leiding vir die toekoms van Kleinskool bediening.
Bid vir die familiekamp wat die eerste naweek van die September vakansie gehou word. Ons loof die Here vir die 18 families wat alreeds ingeskryf het en bid dat families wat die kamp nodig het, sal inskryf.
Ons dank die Here vir die volgehoue bydraes wat nog steeds uit Kraggakamma Gemeente kom sodat daar in PE Noord kospakkies aan behoeftige gesinne uitgedeel kan word en daar elke Saterdag kos vanuit 'n sopkombuis voorsien kan word.
Algoa- en Sydenham gemeentes se beroepingsproses.
Ons bly bid vir 'n einde aan die oorlog in Oekraïene, maar loof die Here vir hulle wat getrou is aan hul roeping om mense in nood te bedien met lewensnoodsaaklikhede, maar ook met die Woord. Bid dat die Here in die harte van vlugtelinge sal werk en dat hulle tot geloof in Jesus Christus sal kom.

**THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam met Christene in **Indonesië** dat Vader God hulle sal vertroos wanneer hulle ter wille van Hom deur hulle eie families verstoot word.

There4-Bedieninge vertrek op 28 September na Egipte om daar bemoediging te bring aan dames. Ons prys die Here vir al die items wat tot dusver geskenk is. Daar is nog net 'n paar itemse wat benodig word.
5 X boksies sjokolade
Kontant donasies vir items wat hulle nie mag saam neem nie, maar wel in Egipte kan koop vir die byeenkomste. Hierdie donasies moet asb direk in die There4-Bedieninge se rekening betaal word. Gebruik asb jou naam en Egipte as verwysing.
Kontak Elizma Harmse (083 940 5617) indien jy enige van hierdie items of kontant vir hierdie doeleindes wil skenk.

**Ds MG OP VERLOF**
Ds MG is van 14-25 September op verlof. Indien jy in hierdie tyd 'n dominee benodig, kontak asb met Ds Toit.

**VAKATURES OP DIE KERKRAAD**
Ons benodig 3 ouderlinge, 3 diakens en 13 dienswerkers. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb die kerkkantoor.

**HUIS LOUISA MEYBURG**
Ons is dringend opsoek na die volgende items vir inwoners van Huis Louisa Meyburg:
Seep, Weggooi skeermessies en Latex handskoene
Indien jy kan help kan die items by die kerkkantoor afgelaai word of kontak Marlene Postma (082 787 4030) vir meer besonderhede.

**KRAGGAKAMMA GEMEENTE FAMILIE KAMP (29 Sept.- 1 Okt)**

Inskrywings sluit Vrydag 15 September. Sluit gerus by 18 ander van ons Families aan vir hierdie onvergeetlike naweek.

- Plek: Van Stadens Resort (Kampeer, of woon in huisies)
- Koste: Kontak asseblief vir Ds. Toit Wessels (084 240 2916) of Yolandi van der Merwe (084 705 2714) indien jy die naweek wil bywoon en indien jy dalk enige navrae het.

**SUNRIDGECARE**

Sunridgecare en Kleyncare is twee tehuise wat ouermense met Dimensie of Altzheimers versorg, en hulle vier hulle 5de verjaarsdag op 'n baie spesiale manier. Hulle beplan 'n pretdag wat die hele gemeenskap betrek, en dit is nie net 'n feesviering nie, maar ook 'n geleentheid om fondse in te samel vir 'n goeie doel. Die doel van hierdie fondsinsameling is om kragopwekkers vir beide huise aan te skaf. Dit is 'n belangrike inisiatief, aangesien 'n kragonderbreking 'n groot impak op die lewenskwaliteit van die bewoners kan hê. Dit is dus 'n kans vir die gemeenskap om 'n positiewe verskil te maak. Jy is uitgenooi om hierdie pretdag by te woon op Saterdag, 23 September, van 09:00 tot 12:00. Daar sal 'n verskeidenheid heerlike etes beskikbaar wees, soos boereworsrolle, sosatierolle, en kermis-poeding. Dit is 'n goeie geleentheid om 'n heerlike maaltyd te geniet terwyl jy 'n goeie doel ondersteun. As jy 'n vlooimark stalletjie by hierdie geleentheid wil hê of meer inligting benodig, kan jy gerus Madelane kontak by 073 247 2330. Jou ondersteuning sal waardevol wees vir hierdie inisiatief om 'n sukses te wees en om ouermense met Dimensie of Altzheimers die sorg te bied wat hulle verdien.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**VOLWASSE BELYDENISAFLEGGING**

Indien jy as volwasse persoon belydenis van geloof wil aflê, kontak asb. vir ds MG by sel: 083 413 7100.

**GOD'S KAROO WOMEN 2023**

Die God's Karoo Women 2023 vind die naweek van 3 – 5 November by Mentorskraal plaas. Die koste is R 320.00 vir die naweek of R 160.00 per dag. Kontak die God's Karoo Women kantoor (071 398 6397) vir meer inligting.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 17 September | Heinrich Albertyn, Nicolene Botha, Zander Botha, Jaco Kotze, Lise Minnie, Christine Renkin, Etienne Stassen en Elsa van der Merwe |
| 18 September | Amoret Basson, Robbert Cronjé, Yvonne Fenwick, Linda Heath, Belinda Krause, Nicole Meyer, Alexander Meyer, Nicky Naudé, Benjonita Shaw en Luna van Heerden |
| 19 September | Judy Hattingh, Margita Marx en Erene van Rooyen |
| 20 September | Marinus de Vin, Sonnika de Vos, Elisabeth Lourens, Henno Oosthuizen, Amori-Lynn Rossouw, Karien van Rensburg en Solara Wildling |
| 21 September | Pierre Jacobus, Cindy Joubert, Saggrys Slabbert en Zuan van Niekerk |
| 22 September | Antoinette Owen |
| 23 September | Lenie Fourie en Elme Vermaak |

**Ons wens tannie Judy Hattingh geluk wat op Dinsdag 19 September 90 jaar oud word.**

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan
PXMPS808